I Kon 12 tot II Kon 14, II Kron 1-25 Week 20: Eindig 17 Mei https://totueer.blog/52-weke/ **Die twee ryke**

Noordelike ryk	Verdeling, Jerobeam I	Baesa, Omri	Agab	Jehu en Joahas
Profete			Elia	Elisa
Suidelike ryk	Rehabeam, Abia	Asa	Josafat, Joram, Atalia	Joas
Skrif gedeeltes	I Kon 12-15, II Kron 10-13	I Kon 15-16, II Kron 13-16	I Kon 16-22, II Kron 17-20	II Kon 1-13, II Kron 21-24

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	II Kron 10	I Kon 12-13, II Kron 10
Di	II Kron 15	II Kron 15-16, I Kon 16
Wo	I Kon 17	I Kon 17-18, II Kron 17
Do	II Kron 18-19:3	I Kon 22 II Kron 18-19:3
Vry	II Kron 20	II Kon 2 II Kron 20-21
Sat	II Kon 4	II Kon 4-7
Son	II Kron 24	II Kon 12, II Kron 24

Na die dood van Salomo rebelleer die tien noordelike stamme en verdeel die koninkryk. Die tien stamme vorm die Noordelike Koninkryk onder Jerobeam.

Rehabeam, die seun van Salomo behou slegs die twee stamme Juda en Benjamin met Jerusalem as hoofstad en hulle staan bekend as die Suidelike koninkryk of Juda.

Die geskiedenis van die twee ryke is inmekaar gevleg in die boeke Konings en Kronieke. Die Konings boeke fokus op die Noordelike ryk. Hierdie geskiedenis toon die onherroeplike afvalligheid van die volk.

Daarteenoor fokus die Kronieke boeke op die heilsplan van God, gerig op Juda, die nageslag van Dawid (1 Kron 28:4). Die fokus is dus op die Messiaanse lyn en ons sien in hierdie geskiedenis God se onpeilbare trou en genade.

Ons sien God red op wonderbaarlike wyse, maar doen dit deur die gesalfde koning uit die huis van Dawid. Ons sien ‘n siklus van onderdrukking, verootmoediging en dan uitkoms deur al die verhale van die verskillende konings.

Die kronologie probleem is eintlik nog groter, want later in die Bybel kry ons die profete boeke wat ook oorvleuel met hierdie konings-tydperk en om sake nog meer uitdagend te maak, is die profete boeke ook nie in kronologiese volgorde in die Bybel geplaas nie.

In ons leesprogram se volgende weke lees ons dus ’n stukkie geskiedenis met die profeet wat daarby pas.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete


ISRAEL SE KONINGS EN PROFETE
1000vC
950
900
850
800
750
700
650
600
550
500
450
400vC
ASSIRIESE RYK
BABILONIË
PERSIESE RYK
Jona
Nahum
Esegiël
Daniël
Edom
Obadja
Daniël en ander weggevoer
Jerusalem val
Serrubabel lei terugkeer
Esra se groep keer terug
Nehemia keer terug
NOORDELIKE RYK
Jerobeam I
Baesa
Omri
Agab
Jehu
Joahas
Jerobeam II
Peka
Hosea
Dawid
Salomo
Elia
Elisa
Amos
Hosea
(Elia en Elisa – nie Bybelboeke)
SUIDELIKE RYK
Rehabeam
Asa
Josafat
Joram
Atalia
Joas
Ussia
Jotam
Agas
Hiskia
Manasse
Josia
Jojakim
Sedekia
Week 20
Jesaja
Miga
Jeremia
Sefanja
Habakuk
Joël
(tyd onbekend)
Sagaria
Haggai
Maleagi
2 Sam
1 Konings
2 Konings 14 15 16 21 22 25
Klaagl
Esra 6 10
1 Kron
2 Kronieke 26 27 28 29 33 34 36
Ester
Neh